

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS (USAF) OORSIG VAN DIE BELEGGINGSRAAMWERK VAN USAF

November 2016

1. KERN OPSOMMING .....	2
2. INLEIDING .....	3
3. BELEGGINGSDOELWITTE.....	4
4. BELEGGINGSTRATEGIEË .....	9
5. BELEGGINGSFILOSOFIE EN BEPERKINGS .....	10
6. EVALUERING VAN DIE BELEGGINGSPROSES .....	12
7. AANWYS VAN BATEBESTUURDERS .....	16
ADDENDUM – KORT GESKIEDENIS VAN BELEGGINGSTRATEGIE .....	17

## 1. KERN OPSOMMING

### i) Beleggingsdoelwitte

USAF se beleggingsdoelwitte is:

“Die behaling van uitstekende beleggingsprestasie oor langer tydperke, met bevredigende korttermyn opbrengste en binne aanvaarbare risikovlakke.”

### ii) Beleggingstrategieë

Die Trustees het besluit dat gebalanseerde markverwante portefeuljes, wat bestuur word deur minstens drie batebestuurders met verskillende risiko- en opbrengsprofiele, die beste daarin sal slaag om die beleggingsdoelwitte te bereik (hierdie portefeulje sal verder die Groeiportefeulje genoem word). Die bate-bestuurders het volle diskresie ten opsigte van die bates onder hulle bestuur. Daar is egter geografiese beperkinge.

'n Lewensfasemodel word vanaf ouderdom 60 geïmplementeer as verstek-opsie ten einde risikovlakke naby aftrede te verminder deur die betrokke lede se bates vanaf die Groeiportefeulje in gelyke dele na die Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje en die Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje oor te plaas.

Hierdie eindpunt van die lewensfasemodel is ontwerp om 'n soomlose oordrag te bewerkstellig vir lede wat van die in-fonds lewende annuïteit gebruik wil maak. Die verstek-opsie vir lede in die in-fonds lewende annuïteit is hierdie selfde gelyke verdeling tussen die Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje en die Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje.

Voor ouderdom 53 het lede nie 'n keuse om anders te belê as in die Groeiportefeulje nie. Vanaf ouderdom 53 word lede toegelaat om 'n keuse uit te oefen buite die verstek-opsie van die lewensfasemodel.

Lede kan dan tussen die volgende opsies kies:

- Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje;
- Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje;
- Kapitaalbeskermingsopsie (kontantportefeulje);
- Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied; en
- Groeiportefeulje.

Indien lede 'n keuse maak om anders te belê as die lewensfasemodel, moet hulle in ag neem dat daar geen outomatiese verskuiwing van bates sal gebeur vir hulle nie. Sulke verskuiwings (indien nodig) sal deur die lede uitgevoer moet word.

### **iii) Evaluering van die Beleggingsproses**

Die Trustees het besluit dat die beleggingsprestasie en die mate waarin die beleggingsdoelwitte bereik word op 'n gereelde basis (ten minste halfjaarliks) gemonitor word en dat die hele beleggingsproses minstens een keer per jaar bespreek en herevalueer word.

## **2. INLEIDING**

Die doel van hierdie dokument is om 'n raamwerk vir die beleggings van USAF te verskaf.

Die verslag gee 'n opsomming van die huidige beleggingsdoelwitte en strategieë van die Fonds en hoe dit geëvalueer gaan word. Dit beskryf die faktore wat oorweeg is in die ontwikkeling van die beleggingsdoelwitte en gee die maatstawwe wat oorweeg is in die aanstel van die batebestuurders wat die beste toegerus is om hierdie doelwitte te bereik. Die beleggingstrategieë waarop besluit is, neem die aard van die Fonds se verpligtinge, die dinamiese aard van die bates oor tyd, die beleggingsdoelwitte en die risiko-geneigdheid van die batebestuurders in ag.

Hierdie dokument word jaarliks deur die Trustees hersien om dit met hul jongste besluite op datum te bring. Dit reflekteer gevolglik die Fonds se huidige beleggings-posisie.

### 3. BELEGGINGSDOELWITTE

Die beleggingsdoelwitte vorm die beginpunt van die beleggingsproses. Dit dui aan watter kort- en langtermyn mikpunte deur die beleggingsbesluite bereik moet word. Dit lei tot die ontwikkeling van die mees aanvaarbare beleggingstrategieë en vereenvoudig die toekomstige evaluering van die beleggingsproses.

#### **Agtergrond**

Die verpligtinge van USAF is hoofsaaklik van 'n medium- tot langtermyn aard. Soos wat lede hul aftrede nader, raak die beleggingshorison korter.

USAF is 'n vaste bydrae fonds. Dit beteken dat die grootte van die aftreevoordele wat vir lede onder USAF opbou, direk gekoppel word aan die beleggingsopbrengste wat op die onderliggende bates van die Fonds verdien word. Lede deel dus ten volle in die beleggingsopbrengste wat verdien word en verlang daarom dat die optimum opbrengs op hul beleggings verdien word.

Beleggingsteorie word gebaseer op die beginsel dat die verwagte opbrengs toeneem soos wat die beleggingsrisiko styg. USAF bied geen beleggingswaarborgs aan die lede nie. Lede dra dus self die volle beleggingsrisiko's wat onderliggend tot die bestuur van die bates is en verlang daarom dat 'n aanvaarbare balans gehandhaaf word tussen die verwagte opbrengs en die vlak van risiko wat geneem word om die opbrengs te behaal.

In die lig hiervan kan die beleggingsdoelwitte van USAF beskryf word as die behaling van uitstekende beleggingsprestasie oor langer tydperke (spesifiek vir die Groeiportefeulje wat die lede se langtermynopbrengs dryf), met bevredigende korttermyn opbrengste en binne aanvaarbare risikovlakke. Vir die keuseportefeuljes is die beleggingsdoelwitte om die nodige beskermde opbrengsprofiel te toon, sowel as 'n gunstige vergelyking te toon teenoor die portefeuljes se respektiewelike maatstawwe en portuurgroepe.

Hieronder volg 'n uiteensetting van USAF se beleggingsdoelwitte en 'n meer volledige beskrywing van “uitstekende beleggingsprestasië” en “aanvaarbare risikolakke”:

### **3.1 Nakoming van wetlike vereistes**

Die bates wat onderliggend tot die verpligtinge van die Fonds gehou word, word deur Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse gereguleer. Die Fonds is ook onderhewig aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Die kode vir verantwoordelike belegging in Suid-Afrika (*Code for Responsible Investing in South Africa* of *CRISA*) is nie 'n wetlike vereiste nie. Tog ondersteun die Fonds die breë doelwit van die kode, onderhewig aan die vereiste om die beleggings te posisioneer vir uitstekende beleggingsopbrengste.

### **3.2 Uitstekende beleggingsopbrengste**

Die bates van USAF moet bestuur word om 'n optimum opbrengste oor die kort- en langtermyn te verdien, met inagneming van die beleggingsrisiko's.

#### **3.2.1 Die definisie van die korttermyn opbrengsdoelwit is soos volg**

Die prestasie van USAF moet beter wees as die mediaan prestasie van batebestuurders in die mark. Dit moet as 'n halfjaarlikse bruto opbrengskoers (op 30 Junie en 31 Desember) uitgedruk word. (Dit word op 'n bruto basis teenoor die Alexander Forbes “Best Investment View” oorsig vergelyk.)

#### **3.2.2 Die definisie van die langtermyn opbrengsdoelwit is tweeledig en is soos volg**

##### **i) Top kwartiel prestasie**

- a. Die USAF prestasie moet beter wees as die prestasie van 75% van die batebestuurders in die mark se gemiddelde opbrengskoers oor 'n rollende drie-jaar termyn (op 30 Junie en 31 Desember). Die resultate van die Alexander Forbes “Best Investment View” oorsig sal as maatstaf gebruik word.
- b. Die batebestuurders word ook individueel teen die maatstaf in 3.2.2 (i) (a) gemeet.

- ii) Die opbrengskoers van USAF (nl. die gemiddelde opbrengskoers oor 'n rollende vyf-jaar termyn soos gemeet op 30 Junie en 31 Desember) moet beter wees as die inflasiekoers plus vyf persentasiepunte. Die Fonds se beleggingsindeks en die Verbruikersprysindeks sal as maatstaf gebruik word.

### **3.3 Aanvaarbare risikovlakke**

Die bates van USAF moet, in die proses om optimum opbrengste te lewer, nie aan onaanvaarbare risiko's blootgestel word nie.

Die volgende beleggingsrisiko's word in ag geneem:

#### **3.3.1 Risiko van ongenoegsame inkomste in aftrede**

Die hoof risiko vir lede word gesien as die verlies van inkomstepotensiaal van 'n lid se bates in aftrede.

Om dit te bekamp word die "regte risiko" op die "regte tyd" aangespreek – jong lede word blootgestel aan 'n aggressiewe beleggingstrategie vir die bekamping van die risiko van ongenoegsame opbrengste oor die langtermyn. In hierdie konteks word permanente kapitaalverlies (wanneer bates verkoop word teen 'n verlies relatief tot 'n verwysingspunt) gebruik as die hoof vyand, eerder as volatiliteit.

Vir lede wat nader aan aftrede beweeg word daar gefokus op die beskerming van die inkomstepotensiaal van die bates, afhangende van die verwagte annuïteit wat gebruik (kan) word.

Lede wat 53-jaar en ouer is, word gevolglik die keuse gegee om ander portefeuljes te kies wat hulle behoeftes bevredig. Die Fonds het 'n lewensfasemodel as verstek-opsie geïmplementeer. Die model skuif lede se onderliggende bates na minder riskante beleggings vanaf 1 Januarie in die jaar waarin lede 60 word. Lede kan kies om nie aan die model deel te neem nie.

### **3.3.2 Likwiditeitsrisiko**

Die risiko om nie likwiede bates te hê of om nie in staat te wees om bates op 'n redelike basis te kan realiseer om voordele of ander verpligtinge te betaal nie.

Hierdie risiko word vermy deur in likwiede (verhandelbare) bates te belê.

### **3.3.3 Risiko van kapitaalverlies**

Die risiko om die kapitale waarde van die beleggings te verloor. Hierdie risiko moet oor die korttermyn en oor langer tydhorisonne oorweeg word.

Die effek van hierdie risiko verminder oor langer tydhorisonne aangesien korttermyn skommeling in die markwaardes nie gerealiseer word nie. Die risiko word verminder deur die onderliggende bates te diversifiseer (in verskillende bateklasse) en deur meer as een batebestuurder (met in agneming van verskillende beleggingstyle) aan te stel.

### **3.3.4 Risiko van negatiewe reële opbrengste**

Die risiko dat die nominale opbrengste minder is as die inflasiekoers en die reële waarde van die bates oor 'n tydperk verminder.

Hierdie risiko word verminder deur te belê in groeibates soos aandele of eiendom en 'n meer aggressiewe beleggingsprofiel aan te neem om opbrengste op die langtermyn te verhoog.

### **3.3.5 Risiko van onderprestasie**

Die risiko dat die opbrengste laer is as wat verlang word om die opbrengsdoelwitte te bereik.

Hierdie risiko word bestuur deur duidelike kort- en langtermyn beleggingsdoelwitte daar te stel en die prestasie te monitor. Trustees moet oorweeg om aksie te neem indien die doelwitte nie bereik word nie.

Volatiliteit relatief tot die maatstaf (portuurgroep) moet meer versigtig bestuur word as die volatiliteit in absolute terme.

### **3.3.6 Wisselvalligheid van beleggingsopbrengste**

Batebestuurders se beleggingsopbrengste fluktueer.

Hierdie risiko kan verlaag word deur die portefeulje te diversifiseer. Batebestuurders sal gemonitor word ten opsigte van hul verspreiding van opbrengste (bv. standaardafwyking).

### **3.3.7 Internasionale beleggings**

Beleggers probeer om die wisselvalligheid van opbrengste en die afhanklikheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie te verminder deur 'n gedeelte van hul bates in buitelandse beleggings te belê.

Die Fonds se laste word in rand gedenomineer en dus bestaan daar 'n wisselkoersrisiko wanneer daar in buitelandse beleggings belê word, in die sin dat die geldeenheid waarin belê word teen die rand kan verswak. Aan die ander kant, koop verbruikers (ook pensioentrekkers uit die Fonds) produkte wat ingevoer word, wat weer onderhewig is in die wisselkoers. Op hierdie manier beskerm blootstelling aan buitelandse valuta 'n lid teen invoer-inflasie. Tog bly wisselkoersrisiko toepaslik, aangesien verskillende lede verskillende samestellings van plaaslike en buitelandse produkte koop.

Hierdie risiko word verminder wanneer daar slegs 'n beperkte gedeelte van die Fonds se bates in die buiteland belê word. Die huidige Reserwe Bank limiet van 25% van totale bates is ver binne die aanvaarbare vlak van maksimum buitelandse blootstelling. Indien die Reserwe Bank limiet 30% oorskry, sal die buitelandse blootstelling van die Fonds hersien word deur die Trustees.

## **3.4 Lidkeuse**

Die Trustees is van die opinie dat keuse belangrik is vir lede, maar dat dit beperk moet word om verwarring te voorkom. Dus moet daar nie oordadig keuse gegee word nie en waar moontlik moet advies beskikbaar gestel word om lede te help met besluitneming.



## **4. BELEGGINGSTRATEGIEË**

Die beleggingstrategieë van USAF wat voortvloei uit die beleggingsdoelwitte kan soos volg opgesom word:

**4.1** Vir lede jonger as 53-jaar moet bates in die Groeiportefeulje belê word.

**4.2** Lede wat 53-jaar en ouer is, mag tussen die volgende opsies kies:

- Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje;
- Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje;
- Kapitaalbeskermingsopsie (kontantportefeulje);
- Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied; en
- Groeiportefeulje.

Ná 'n lid 'n portefeulje skuif gemaak het, kan die lid eers weer drie-maande later 'n volgende skuif maak. Hierdie beperking ontmoedig lede om korttermyn tydsberekening toe te pas.

### **4.3 Die Lewensfasemodel werk soos volg:**

**4.3.1** Die model word ses-jaar voor die 31ste Desember wat volg op 'n lid se 65ste verjaarsdag geïmplementeer.

**4.3.2** 4% van 'n lid se totale portefeulje sal kwartaalliks vanaf die Groeiportefeulje in gelyke dele na 'n Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje en 'n Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje geskuif word.

**4.3.3** Die eerste skuif van bates sal op die 1ste Januarie plaasvind in die jaar waarin die lid 60 word.

**4.3.4** Die teiken portefeulje by die 31ste Desember wat volg op 'n lid se 65ste verjaarsdag is 50% Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje en 50% Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje, wat belyn is met die verstekopsie vir lede wat van die in-fonds lewende annuïteit gebruik maak.

- 4.3.5** Indien 'n lid nie aftree op normale aftree ouderdom nie (i.e. op 31 Desember van die jaar waarop die betrokke lid 65 word), sal die beleggingstrategie onveranderd gelaat word. Die betrokke lid moet ook voldoen aan enige vereistes wat deur die werkgewer gestel word en/of die wetsvereistes om te kwalifiseer hiervoor.
- 4.3.6** Lede kan kies om nie van die lewensfasemodel gebruik te maak nie.
- 4.4** Die Trustees sal minstens drie batebestuurders aanwys om die Groeiportefeuljes te bestuur. Die verskillende bestuurstyle van verskillende batebestuurders moet in ag geneem word in die besluit.
- 4.5** Die batebestuurders word volmag gegee in die bestuur van die Fonds se bates. Die batebestuurders moet egter ten alle tye voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Wet op Pensioenfondse 1956, soos gewysig. Afgeleide instrumente mag slegs gebruik word as 'n verskansing of om bateverdeling binne die portefeulje te bestuur.
- 4.6** Die buitelandse bates word in 'n gebalanseerde portefeulje belê en die onderliggende bates word deur spesialis batebestuurders bestuur.

## **5. BELEGGINGSFILOSOFIE EN BEPERKINGS**

Hierdie afdeling bepaal die filosofie en beperkings wat geld in die implementering van die beleggingstrategieë soos genoem in die vorige afdeling.

### **5.1 Beperkings**

Die beleggings van die Fonds is onderworpe aan toepaslike wetgewing, ingesluit die Pensioenfondswet – spesifiek Regulasie 28. Verder ondersteun die Fonds die breë beginsels van CRISA. Verder word geen spesifieke beperkings aan die beleggingstrategie van toepassing gemaak nie.

### **5.2 Toelaatbare bateklasse**

Alternatiewe bateklasse mag gebruik word indien die beleggingsrede sterk is. In gebalanseerde portefeuljes word die besluit deur die beleggingsbestuurder gemaak. In 'n gespesialiseerde mandaatstruktuur moet die Trustees beperkings stel vir likiditeits- en risikobestuur oorwegings.

Alternatiewe bateklasse sluit onder andere ook "targeted investments".

### **5.3 Gebalanseerde mandate teenoor spesialismandate**

Die Trustees is huidiglik van die opinie dat gebalanseerde mandate 'n meer effektiewe gebruik van batebestuurdervermoëns is as spesialis mandate.

Tog is daar vraagtekens oor die volhoubaarheid van batebestuurders se vermoëns om waarde toe te voeg deur middel van taktiese bate-allokasie. Dus sal hierdie siening voortdurend heroorweeg word. Tans maak die buitelandse batebestuurder van onderliggende spesialismandate gebruik.

Spesialis mandaatstrukture sal ook tot 'n groter betrokkenheid en verantwoordelikheid van die Trustees en batekonsultant in die algehele strategie lei.

### **5.4 Aktiewe en passiewe blootstelling**

Passiewe blootstelling sal oorweeg word waar daar 'n sterk argument is dat dit meer effektief is as aktiewe blootstelling. Indien daar van 'n spesialis mandaatstruktuur gebruik word, sal passiewe blootstelling apart oorweeg word per bateklas.

Generies word aktiewe batebestuur ondersteun en daar is oortuiging dat aktiewe batebestuurders volhoubaar passiewe mandate kan uitpresteer.

### **5.5 Enkel- teenoor multi-bestuurders**

Waar die bategrootte groot genoeg is om te regverdig dat die Fonds blootstelling bekom aan 'n samestelling van enkel-bestuurders spesifiek vir die behoeftes van die Fonds, sal dit gedoen word. Multi-bestuurders sal gebruik word waar die bategrootte nie groot genoeg is om enkelbestuurders te regverdig nie.

Die Trustees verkies om nie van 'n prysingsplatform gebruik te maak nie indien dit prakties moontlik is om daarsonder klaar te kom.

### **5.6 Klein (nuwe) teenoor groot (gevestigde) batebestuurders**

Die aanstelling van opkomende beleggingsbestuurders sal nie 'n strategiese oorweging wees nie. Indien bestaande bestuurders se aanstelling hersien word, sal ander potensiële batebestuurders oorweeg word, ingesluit opkomende bestuurders indien die beleggingsrede sterk is.

Dieselfde geld vir ekonomiese bemagtiging. Indien twee batebestuurders oorweeg word en die oortuiging in die bestuurders is baie soortgelyk, kan ekonomiese bemagtiging 'n deurslaggewende oorweging wees.

### **5.7 Fooie**

Die beperking van prestasiefooie word belangrik geag as deel van 'n institusionele beleggingstrategie. Die beperking van fooie is egter 'n sekondêre oorweging na die beleggingsrede.

### **5.8 Gepoele teenoor gesegregeerde mandate**

Daar word geen sterk voorkeur voorgelê tussen gepoele en gesegregeerde mandate nie. Op soortgelyke wyse, waar gesegregeerde mandate gebruik word, is daar nie 'n sterk voorkeur vir of teen die gebruik van 'n gesentraliseerde bewaarder ("centralised custodian") nie.

## **6. EVALUERING VAN DIE BELEGGINGSPROSES**

'n Belangrike deel van die beleggingsproses is die monitering van die beleggings om toe te sien dat die beleggingsdoelwitte bereik word en die herevaluering van die beleggingstrategieë om aan die behoeftes van die Fonds en sy lede te voldoen.

Die herevaluering van die beleggingstrategieë sal van tyd tot tyd, maar minstens een keer per jaar, gedoen word. Die herevaluering sal gedoen word in die lig van nuwe tendense (byvoorbeeld individuele beleggingskeuses en oorsese beleggings), terugvoer wat vanuit die ledegeledere ontvang word en verwikkeling wat in die beleggingsmark plaasvind.

Die monitering van die beleggingsprestasie van die Fonds en die individuele batebestuurders sal gereeld gedoen word, maar minstens twee keer per jaar.

Indien daar nie aan die beleggingsdoelwitte van die Fonds voldoen word nie, kan die Trusteas natuurlik alternatiewe strategieë oorweeg.

Die oorweging van alternatiewe strategieë kan die vervanging van 'n batebestuurder insluit waar 'n batebestuurder 'n betrokke maatstaf onderpresteer het.

Historiese beleggingsprestasie is egter nie 'n goeie aanduider van toekomstige beleggingsprestasie nie en verskeie ander faktore moet in gedagte gehou word voor die besluit geneem word om 'n batebestuurder te verwyder.

Die Trustees moet toekomstgerig wees in enige beleggingsoorweging, aangesien historiese opbrengste nie verander word deur van batebestuurder te verander nie. Daar moet dus 'n verwagting wees dat 'n ander bestuurder in die toekoms beter sal vaar as 'n bestaande batebestuurder voor daar van batebestuurder verander word.

Swak historiese beleggingsprestasie van 'n batebestuurder (veral oor die kort termyn) is normaalweg nie op sigself genoegsame rede om van batebestuurder te verander nie. Studies het getoon dat 'n strategie waarin batebestuurders met swak historiese prestasie vervang word deur bestuurders met goeie historiese beleggingsprestasie tipies tot 'n vernietiging van beleggingsopbrengste lei in vergelyking met 'n strategie waar geen verandering gemaak word nie, selfs voor die verhandelingskoste van so 'n strategie in ag geneem word.

Voor die Trustees 'n batebestuurder vervang moet daar onder andere na die volgende faktore gekyk word ten einde te bepaal of enige verdere aksie benodig word. Swak historiese beleggingsprestasie kan natuurlik hierdie faktore negatief beïnvloed en vice versa.

- Het die batebestuurder 'n vaardige beleggingspan? Is die batebestuurder se personeel se belange belyn met die Fonds se belange? 'n Verlies in top portefeuljebestuurders of buitengewone hoë personeelomset het byvoorbeeld 'n negatiewe impak op verwagte toekomstige opbrengste.
- Volg die bestuurder steeds die verwagte beleggingsfilosofie en is die filosofie steeds sinvol? Het die batebestuurder en die Trustees steeds oortuiging in die beleggingsfilosofie wat van die batebestuurder verwag word en pas dit steeds by die Fonds se beleggingstrategie (bied die beleggingsbestuurder/filosofie byvoorbeeld steeds die verwagte diversifikasie voordele en word daar steeds verwag dat die strategie suksesvol sal wees in die toekoms)?

- Hoe neem en implementeer die batebestuurder beleggingsbesluite en watter kontroles is in plek om byvoorbeeld seker te maak dat mandate nie oorskry word nie en dat verskillende beleggers regverdig behandel word? Is daar 'n sinvolle portefeulje konstruksie proses?
- Is die batebestuurder finansiëel en struktureel stabiel?
- Is die vergoeding wat die Fonds aan die batebestuurder betaal steeds mededingend?

Indien die Trustees van die opinie is dat 'n batebestuurder steeds goed vaar ten opsigte van hierdie faktore en daar steeds verwag word dat die batebestuurder goeie beleggingsopbrengste in die toekoms sal lewer, behoort 'n batebestuurder behou te word ten spyte van historiese swak beleggingsprestasie.

Die volgende prestasiemaatstawwe, met gepaardgaande aksie indien die maatstawwe nie bereik word nie, word as riglyn vir toekomstige besluite gebruik:

### **6.1 Korttermyn prestasiemaatstaf**

Die prestasie van USAF se plaaslike bates moet beter wees as die mediaan prestasie van batebestuurders in die mark. Dit moet as 'n halfjaarlikse bruto opbrengskoers (op 30 Junie en 31 Desember) uitgedruk word. (Dit word op 'n bruto basis teenoor die plaaslike Alexander Forbes "Best Investment View" oorsig vergelyk).

Die oorsese bates sal op die korttermyn vergelyk word teen 70% van die MSCI Wêreld Indeks en 30% van die Citi WGBI Indeks, en ook teen ander batebestuurders wat bates op 'n soortgelyke wyse bestuur.

#### **Aksie:**

Besorgdheid moet uitgespreek word indien die korttermynprestasiemaatstaf nie oor vier semesters behaal word nie. 'n Volledige verduideliking van die historiese prestasie en toekomstige strategie sal verlang word. Indien daar geen verbetering binne die volgende ses-maande is nie, kan die Trustees alternatiewe strategieë oorweeg.

## **6.2 Langtermyn prestasiemaatstaf (1)**

Die USAF prestasie moet beter wees as die prestasie van 75% van die batebestuurders in die mark se opbrengskoers oor 'n rollende drie-jaar termyn (op 30 Junie en 31 Desember). Die resultate van die Alexander Forbes "Best Investment View" oorsig sal as maatstaf gebruik word.

### **Aksie:**

Besorgdheid moet uitgespreek word indien dit nie oor ses opeenvolgende drie-jaar termyne bereik word nie. 'n Volledige verduideliking van die historiese prestasie en toekomstige strategie sal verlang word.

Indien daar geen verbetering in die volgende ses-maande is nie, kan die Trustees alternatiewe strategieë oorweeg.

## **6.3 Langtermyn prestasiemaatstaf (2)**

Die opbrengskoers van USAF (nl. die gemiddelde opbrengskoers oor 'n rollende vyf-jaar termyn soos gemeet op 30 Junie en 31 Desember) moet beter wees as die inflasiekoers plus vyf persentasiepunte. Die Fonds se beleggingsindeks en die Verbruikersprysindeks sal as maatstaf gebruik word.

### **Aksie:**

Besorgdheid moet uitgespreek word indien dit nie oor vier opeenvolgende vyf-jaar termyne bereik word nie. Die Trustees moet die beleggingstrategie oorweeg in die lig van toekomstige beleggingsopbrengsverwagtinge en die redes vir die historiese prestasie.

## **6.4 Verspreiding van opbrengste**

Die opbrengste wat die batebestuurders van USAF verdien, moet in lyn (of beter) wees as die prestasie wat hulle elk op ander aftreefondse (met 'n soortgelyke beleggingsmandaat) onder hul bestuur behaal. Dit moet op 'n jaarlikse basis (op 31 Desember) vergelyk word. Die resultate van die Alexander Forbes "Best Investment View" oorsig sal as maatstaf gebruik word.

### **Aksie:**

Sou daar 'n negatiewe patroon ontwikkel, moet die Trustees die batebestuurder versoek om 'n verduideliking te gee en enige verdere toepaslike aksie neem.

## 6.5 Opbrengs/risikoprofiel

Die risikoprofiel van die batebestuurders moet ooreenstem met die profiel waarvolgens die batebestuurders aangestel is. Dit moet op die basis van 'n rollende drie-jaar opbrengs/risikoprofiel (op 30 Junie en 31 Desember) vergelyk word. Die resultate van die relevante Alexander Forbes oorsig sal as maatstaf gebruik word.

### **Aksie:**

Sou die bestuurder se risikoprofiel verander, en die verandering oor 'n tydperk van 'n jaar volgehou word, kan die Trustees alternatiewe strategieë oorweeg.

## 7. AANWYS VAN BATEBESTUURDERS

Die batebestuurders word gekies op die basis van hul bekwaamheid om die beleggingsdoelwitte van die Fonds te bereik.

Die volgende kriteria is gebruik ten einde USAF se batebestuurders te kies:

- Die batebestuurder se prestasierekord, insluitende opbrengskoerse, wisselvalligheid van opbrengste oor tyd en verskille in opbrengste tussen kliënte.
- Finansiële struktuur en stabiliteit van die batebestuurder.
- Hulpbronne en vaardigheid van die batebestuurder se beleggingspan.
- Beleggingsbesluitprosesse wat gevolg word en kontroles wat in plek is.
- Die batebestuurder se beleggingsfilosofie.
- Kontraktuele sake, waarby 'n mededingende fooistruktuur ingesluit is.



## **ADDENDUM – KORT GESKIEDENIS VAN BELEGGINGSTRATEGIE**

### **i) Groeiportefeulje – plaaslike bates**

Die Trustees het met die aanvang van die Fonds vir Coronation Batebestuur, die Eksekuteurskamer en Sanlam Batebestuur aangestel om die markwaarde portefeuljes van die Fonds te bestuur. Sanlam Batebestuur was beskou as die meer konserwatiewe batebestuurder en het 40% van die bates gekry. Coronation Batebestuur en die Eksekuteurskamer was as meer aggressiewe batebestuurders beskou en het elk 30% van die bates gekry.

Na 'n tydperk van teleurstellende opbrengs is stappe volgens die Fonds se beleggingsraamwerk teen die Eksekuteurskamer en Sanlam Batebestuur geneem. Uiteindelik het die Trustees besluit om die Eksekuteurskamerportefeulje te skuif na Investec Batebestuur, en is die aanstelling van die Eksekuteurskamer op 28 Februarie 1999 beëindig. Sanlam Batebestuur is vervang met Allan Gray vanaf 1 Maart 2002. Allan Gray was op daardie stadium die toppresterende batebestuurder op die Alexander Forbes Oorsig vir die tien grootste batebestuurders.

Vroeg in 2000 het die Trustees besluit om 'n vierde bestuurder aan te stel, vir die markwaarde portefeuljes. Die Trustees wou graag 'n bemagtigingsgroep ondersteun, en terselfdertyd 'n groter mate van diversifisering van beleggingstyle verkry. African Harvest Waardebestuurders is gevolglik vanaf 1 April 2000 aangestel om 'n klein portefeulje te bestuur (aanvanklike belegging van R30 miljoen).

Na 'n tydperk van teleurstellende opbrengste deur Investec en African Harvest het die Trustees gedurende 2006 en 2007 gereelde terugvoer van die betrokke batebestuurders vereis en ook die bates onder hulle bestuur verminder deur die kanalisering van beleggingsvloei. In Maart 2007 is 'n gekombineerde bedrag van sowat R100 miljoen van Investec en Cadiz African Harvest onttrek en by Coronation geplaas. Die Trustees het in Mei 2007 besluit om Investec en Cadiz African Harvest se dienste te beëindig en het Foord en Prudential in hulle plek aangestel. Die oordrag is in September 2007 voltooi en sowat 18% (ongeveer R200 miljoen) van die Fonds se plaaslike bates is by elk van die twee nuwe bestuurders geplaas.

In Mei 2011 het die Trustees besluit om die aantal plaaslike batebestuurders te verminder na drie, deur Foord se aanstelling te beëindig. Die betrokke bates sou eerstens gebruik word om die Groeiportefeulje se buitelandse blootstelling na die toegelate 25% op te stoot, en tweedens sou die oorblywende bates in die Foord portefeulje tussen Coronation en Prudential verdeel word.

In Maart 2016 het die Trustees besluit om die bestaande buitelandse batebestuurders oor die volgende 12-maande te vervang met 'n gepeelde internasionale gebalanseerde portefeulje. Die portefeulje sal deur batebestuurders bestuur word wat deur WillisTowersWatson (WTW) as kategorie 1 batebestuurders gelys word.

Die bateverdeling van die portefeulje is as volg:

- Internasionale aandele : 70%;
- Internasionale effekte : 15%;
- Internasionale vaste eiendom : 15%.

## ii) Groeiportefeulje – buitelandse bates

Aan die begin van 2004 het die Trustees die oorsese portefeuljes geëvalueer en tot die slotsom gekom dat die Coronation Global Equity Fonds, wat 'n fonds van verskansingsfondse is, nie meer aan die Trustees se behoeftes voldoen nie.

Die bestuurstyl (suiwer verskansingsfonds) en die opbrengste van hierdie Fonds (veral na die Lancer Fonds se afskryf) het die Trustees laat besluit om die bestuur van al die buitelandse bates oor te gee aan Allan Gray Orbis – Best House View. Die buitelandse komponent is met die oordrag verhoog om die Fonds weer nader aan die teiken van 15% buitelandse blootstelling te plaas.

In Mei 2011 het die Trustees besluit om die Groeiportefeulje se buitelandse blootstelling te verhoog na die toegelate 25% van bates. Verder is daar besluit om van 'n addisionele buitelandse batebestuurder, Contrarius, gebruik te maak. Die Groeiportefeulje se buitelandse bates moes volgens hierdie besluit gelykop tussen die buitelandse batebestuurders verdeel word. Die blootstelling van 25% is belyn met die Suid-Afrikaanse Reserwebank se limiet. Indien hierdie limiet 30% oorskry, sal die buitelandse blootstelling van die Fonds hersien word deur die Trustees.

Gedurende 2015 het die beleggingskomitee die oorsese portefeuljes geëvalueer en tot die slotsom gekom dat die opbrengste van Orbis en Contrarius te onvoorspelbaar is. Op 15 Maart 2016 het die Trustees besluit om die buitelandse bates, wat deur Orbis en Contrarius bestuur word, by wyse van vier kwartaallikse ontrekkings na die Diversified Global Balanced Portefeulje (“DGBP”) te skuif. Die DGBP is ’n gepoelede gebalanseerde portefeulje op die Sygnia lewenslisensie met onderliggende spesialis beleggingsbestuurders wat op advies van WillisTowersWatson aangestel word.

### **iii) Keuse vanaf ouderdom 53**

Die Trustees het aanvanklik Ou Mutual Batebestuur aangestel om ’n gewaarborgde portefeulje vir die Fonds te bestuur. Nadat probleme ontstaan het rondom die feit dat Ou Mutual se bonusse nie ten volle onmiddellik vestig nie, het die Trustees besluit om vanaf 1 April 1997 van die Investment Solutions Volvestigende Portefeulje gebruik te maak. In November 2004 is besluit om ’n kontantportefeulje as kapitaalbeskermingsopsie te gebruik eerder as ’n gewaarborgde bonus-tipe portefeulje, aangesien bonusverklarings nie bevredigend was nie. Investment Solutions se Banker portefeulje word as kontantportefeulje gebruik.

Vanaf 1 Oktober 2016 het die Trustees besluit die volgende keuses aan lede te bied wat 53 en ouer is:

- Kontantportefeulje (IS Banker);
- Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje (Soos bestuur deur SMMI);
- Konserwatiewe Absolute Opbrengs portefeulje (Soos bestuur deur SMMI);
- Groeiportefeulje; en
- Portefeulje wat verskansing bied teen rentekoersskommeling.


### **iv) Ander beleggingsopsies**

Die Trustees het in November 2001 besluit om lede die opsie te gee om hul fondskrediete in die portefeulje van hul keuse te belê deur gebruik te maak van die Individuele Beleggingsplan by Investment Solutions. Hierdie fasiliteit het geen ekstra kostes vir die Fonds nie, aangesien die lede wat hiervan gebruik maak self die gepaardgaande kostes dra.


v) Die lewensfasemodel

Op 27 Julie 2016 het die Raad van Trustees besluit om die lewensfasemodel vanaf 1 Januarie 2017 aan te pas. Die infaseringsperiode is van drie-jaar tot ses-jaar voor aftrede verleng met 25 gelyke kwartaallikse bateskuiwe na gelyke dele in 'n Konserwatiwe Absolute Opbrengs portefeulje en 'n Aggressiewe Absolute Opbrengs portefeulje, beide bestuur deur Sanlam Multi-Managers International (SMMI).

Goedgekeur en geteken te Stellenbosch op 12 Mei 2017.



VOORSITTER



HOOFBEAMPTTE



AKTUARIS